

Dinsdag 3 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:1-11

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:7

Die Heilige Gees as krag in die Nuwe Testament

Die Gees van God is die Gees van krag (2 Tim. 1:7). Dit is in hierdie krag waarmee die apostels as gestuurdes moes uitgaan om te getuig van wat hulle gesien en gehoor het. Dit is alleen in hierdie krag waarin ons kan uitgaan om die evangelie te verkondig, in eie krag kan ons dit nie doen nie.

Daar is in die Nuwe Testament 'n baie nou verhouding tussen Gees en krag, en die twee woorde word selfs as sinonieme gebruik (Luk. 1:17, 35). Hierdie krag as die krag van die Heilige Gees vind ons by Jesus. By die doop met die Gees is Hy toegerus met krag om sy verlossingswerk te verrig; as Hy wonderwerke doen, kom dié krag na vore; deur dié krag dryf Hy duiwels uit (Matt. 12:28).

By sy opstanding word Jesus deur die Gees opgewek in al sy goddelike krag en heerlikheid. Ná sy hemelvaart kom Jesus met die krag wat Hy ontvang op Pinkster met die krag van die Heilige Gees. Met die krag van die Gees gaan Jesus die mense oortuig deur die Woord of die prediking van die evangelie van Christus.

Hoe wonderlik die voetstappe van hulle wat die evangelie verkondig! Bid ons genoeg en gereeld vir die predikante wat elke Sondag die evangelie moet bring? Onthou – Christus en sy Gees bewerk die reddende geloof deur die krag van die Woord wat verkondig word (Rom. 15:19).

Nou stel Paulus dat Timoteus 'n genadegawe van God ontvang het (vs 6). Hierdie gawe word in vers 7 omskryf as die Gees van krag en liefde en selfbeheersing. Met selfbeheersing word bedoel geestelike nugterheid en gebalanseerdheid. Die Gees as die Gees van krag kom na vore in twee eienskappe, naamlik liefde en selfbeheersing. Dit is opmerklik dat hierdie twee eienskappe ook as vrug van die Gees beskryf word. Die eerste en laaste vrug van die Gees (Gal. 5:22) is liefde en selfbeheersing. Op hierdie manier dien die gawe van die Gees die vrug van die Gees.

Is u bang om die evangelie te verkondig? Nee, bid vir die krag van die Gees, want die Gees maak ons nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing. Jy ontvang die krag, jy ontvang liefde en jy ontvang nugterheid en gebalanseerdheid.

Vervul jou roeping, want die HERE rus jou ten volle toe. Dit was die boodskap aan Timoteus, dit is die boodskap aan jou.

Sing: Psalm 92:2 (1936)

Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)